# Hebreërs- Die oorheersende voortreflikheid van Christus

*"Met so 'n magtige skare toeskouers rondom ons om ons in die wedloop van die geloof dop te hou – kom ons stroop alles af wat ons spoed kan vertraag, veral die sonde wat so maklik 'n houvas op 'n mens kry. Kom ons hardloop met volharding op die baan wat voor ons uitgestrek lê, ons oë vasgenael op Jesus, die Voorganger en Voleinder van ons geloofswedloop. Hy het ter wille van die blydskap wat daar voor vir Hom gewag het, die kruis verduur. Ja, Hy het Hom selfs deur die skande van die kruisdood nie laat afskrik nie. En nou sit Hy op die ereplek langs God op die troon!"* (Heb. 12:1-2, NLV).

### Agtergrond van die Boek

- **Wanneer:** Dit is geskryf tussen 60 en 70 n.C..
- **Skrywer:** Die skrywer is onbekend. Hy het egter die Ou Testament en die offersisteem baie goed geken.
- **Lesers:** Dit is geskryf vir Joodse Christene. Hulle was onder groot druk, is vervolg en was geestelik uitgeput.
- **Probleem:** Baie gelowiges wou tou opgooi. Hulle was in die versoeking om terug te keer na die veilige rituele van Judaïsme.

### Raamwerk:

I. Christus is die finale openbaring van God (hfst.1:1–4)
II. Christus is groter as die engele (hfst.1:5–2:18)
III. Christus is groter as Moses (hfst.3:1–4:13)
IV. Christus die groot Hoëpriester (hfst.4:14–7:28)
V. 'n Beter Verbond (hfst.8:1–10:18)
VI. Oproep tot volharding (hfst.10:19–12:29)
VII. Praktiese Christelike lewe (hfst.13:1–25)

### Kernboodskap en Temas

- Die hooftema is Christus as ons groot Hoëpriester.
- Jesus is die volmaakte en finale openbaring van God.
- Hy is baie groter as engele, profete en Moses.
- Jesus is die Hoëpriester na die orde van Melgisedek.
- Hy het Homself eens en vir altyd geoffer. Dié offer is finaal en vervang al die ou, herhalende offers.
- Ou rituele was slegs voorlopige skaduwees. Dit het alles in Christus in vervulling gegaan.
- Ons is nou deel van 'n beter verbond. Toegang tot God loop nou direk deur Christus, nie deur aardse rituele nie.

### Die Drie Doelwitte van Hebreërs

1. **Historiese Doel:** Om die moeggestryde gelowiges te versterk. Die skrywer wou wys dat 'n terugkeer na die Ou Verbond 'n terugval sou wees, nie vooruitgang nie.
2. **Geestelike Doel:** Om mense aan te moedig om te volhard in hulle geloof. Die boek waarsku teen ongeloof, maar bied ook groot troos. Christus leef en tree vir ons in. Gelowiges het nou vrye toegang tot God se troon.
3. **Christologiese Doel:** Om te wys dat Jesus oorgenoeg is. Hy is nie net die Middelaar nie, maar ook die volmaakte Offer. Alles begin en eindig by Hom.